**Sondag 12 Februarie 2023**

**Tema: Elke woord het Waarde**

Ons lees vandag verder vanuit Jesus se woorde. Meer spesifiek lees ons Matteus 5:21-37

21. "Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: `Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank'.
22. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.
23. "As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het,
24. laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.
25. "As iemand 'n regsaak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en die jou in die tronk sit nie.
26. Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie."
27. "Julle het gehoor dat daar gesê is: `Jy mag nie egbreuk pleeg nie.'
28. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.
29. "As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.
30. Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland."
31. "Daar is gesê: `Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.'
32. Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk."
33. "Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: `Jy mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in die Naam van die Here moet jy nakom.
34. Maar Ek sê vir julle: Moet glad nie 'n eed aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is die troon van God;
35. nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning.
36. Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie.
37. Laat julle `ja' eenvoudig `ja' wees en julle `nee', `nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose."

‘n Krieketkolf is ‘n wonderlike ding. Jy kan die mooiste viere of sesse daarmee slaan. Jy kan die bal reguit in die middel (Op die “sweet spot”) tref. Jy kan baie lopies maak. Mense kan handeklap. Jy kan ‘n loopbaan daarop bou.

Maar ‘n krieketkolf kan ook baie seermaak. Ek onthou op skool hoe prefekte met ’n krieketkolf gedissiplineer het, want dit los nie ‘n merk soos van die ander wapens nie. ’n Kolf kan seermaak, vra maar vir enigiemand wat al deur ‘n krieketbal getref is. Ek self het my kakebeen al so gebreek a.g.v. die bal van die kolf af. Dit kan baie skade maak.

So word die Bybel ook dikwels as ’n kolf aangewend. Ek glo God se bedoeling met die woord was om ons lewe te help rig en bestuur. Om ons elke dag met enkellopies te help. Om ons te help met die opslag balle, of die vol balle, of die vinnige balle, of die draai balle. Om ons in die regte rigting te stuur. Om ons te help met watter balle van die lewe ons moet los en watter balle van die lewe ons moet speel. Dit kan jou lewe so mooimaak...

Maar die kolf kan ook seermaak. Die Bybel is al gebruik om vreeslik baie skade aan te rig. Skade oor wat jy as vrou mag doen of nie mag doen nie. Skade oor watter reëls jy nou MOET gehoorsaam om

deel te word of deel te neem. Sake oor wat jy moet eet of nie moet eet nie. Skade oor wat jy mag dra of nie moet dra nie. Skade oor wie jy mag liefhê of nie moet liefhê nie. Skade oor jou verslawing. En vir jou, wat vanoggend dalk nou hierdie stukkie lees en dink aan jou eie huwelik, of jou eie egskeiding is ek jammer. Dit was nooit die bedoeling om seer te maak nie. Dit wat hier staan, is in 'n baie unieke konteks geskryf en kan nie volgens my mening net so letterlik toegepas word nie. Ek kan nie die Bybel lees as 'n swart en wit antwoord boek wat vir my op elke lewens uitdaging 'n antwoord gee nie. Want die huwelik is nie net 'n seksuele ruimte nie, dit is soveel meer as dit. Ek gaan nie vanoggend daaroor gesels nie, maar ek wil by van die ander dele stilstaan.

Die teks wat ons gelees het, gaan oor die wet en ook daarmee saamgaan dit oor verhoudinge. Die derde gebod (Jy mag die naam van die Here nie misbruik nie) en die negende gebod (jy mag nie vals getuienis aflê nie, word hier aangespreek.

Dit blyk telkens hoe belangrik gesonde, geneesde, opregte of herstelde verhoudinge is. Die etiek van die koninkryk, hoe die koninkryk van God in ons daaglikse lewens posvat, vra verhoudinge van liefde, betroubaarheid en omgee. Dit gaan oor drie verhoudinge, sê Dietrich Bonhoeffer: met die broer (21-26), met die vrou (27-32), en verhoudinge vanuit waarheid en trou (33-37). Jesus is besig om te gesels oor die nakoming van reëls en beloftes. Dit gaan oor moets en moenies.

Mens kry 4 verskillende mense as dit kom by reëls. Jy kry die

- reëlmakers,
- reël nakommers,
- reël brekers,
- reël omseilers

(Dink maar byvoorbeeld aan hoe mense met die belasting werk hier aan die einde van Februarie. Of hoe mense hul motor bestuur. Daar is die verkeerspolisie, dan is daardie mense wat altyd by die spoed limiet hou, dan is daardie mense wat hul nie steur nie en al die boetes in die pos weggooi en dan is daardie mense wat weet waar die kameras is, of gaan wees).

En dan lees ons vanaf vers 34 hoe ons nie 'n eed moet aflê nie. nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning. Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie.

En dan kom ons by die bekende vers 37:

37. Laat julle `ja' eenvoudig `ja' wees en julle `nee', `nee'.

The Message- Matteus 5:37 :

*Just say 'yes' and 'no'. When you manipulate words to get your own way, you go wrong.*

Jesus is besig om te gesels oor die nakoming van reëls en beloftes. Jy roep God in as getuie, omdat jy glo hy is die betroubaarste van almal. Die reël van die tyd, was dat indien jy so belofte afgelê het, dan mag jy nooit daarop teruggaan nie. God sal jou straf as jy daarop teruggaan en op een of ander manier jou seermaak. Die mense het toe besluit kom hulle maak 'n plan. Iewers moet daar 'n loophole, 'n makliker opsie, 'n beter weg wees. Wat as hulle net sweer by die hemel. Of sweer by die aarde. Of sweer by die groot koning. Ek sweer op Jerusalem se naam.

Jesus voer met hulle ‘n beginsel argument.

**Jou woord is jou woord.**

Alle ooreenkomste is ewe gewigtig en ewe bindend

En waaraan ek die week gedink het, is daar duidelik staan, laat jou NEE Jou nee wees.

- Laat ek gou hoor, wie in die familie/gesin/huwelik is die persoon wat die moeilikste nee sê. As jy nie lus het om iets te doen nie, dan vra jy net vir hulle want hulle sê altyd ja.

Ons mag NEE antwoord.

Ons moet NEE antwoord.

Nie eers Jesus kan almal tevrede stel nie.

As ons weet ons het nie kapasiteit nie, as ons weet dit is nie ons vaardigheid nie, as ons weet ons dit stem nie ooreen met wie ons is nie, dan Mag en MOET ons NEE Antwoord. Ek hou nie daarvan as iemand vir my ‘n vraag vra, maar dan mag ek nie nee antwoord nie, dan was dit nie ’n vraag nie.

Laat jou Nee Nee wees,

Maar ook laat jou JA, JA, Wees.

Jou woord is jou woord.

Alle ooreenkomste is ewe gewigtig en ewe bindend

In ons taal sal dit wees:

‘n Huis kontrak waar jy ‘n huis koop van R 2 miljoen rand is bindend, maar ’n kontrak vir ‘n motor wat jy koop vir R 200 000 is net so bindend. En ‘n mens se huweliksbeloftes is daarom net so bindend, daarom moet jy mooi daaroor dink. Ek sal die gras vanmiddag sny, is net so bindend, ek sal jou môre bel is net so bindend. Pappa sal môreaand vir jou ’n storie lees is net so bindend en ek sal môre inbetaal is net so bindend. Ek sal die 2 koppies was, is net so bindend.

Jy hoef niks te sweer nie, jy hoef niks belofte taal te gebruik nie. Jy kan dit maar net sê in gewone taal, gewone woorde, dan is dit bindend, dan is dit gewigtig.

Ons sien dit in krieket. Wanneer 2 mense saam kolf. 2 mense wat mekaar nodig het in ’n verhouding is. En as hulle moet besluit om ‘n lopie te hardloop, moet dit ‘n duidelike JA wees, of ‘n harde nee. Wanneer 2 mense vir mekaar, ja, nee, wag, ja sê, dan word een gewoonlik uitgehardloop en dan verloor Proteas die Wêreldbeker.

Mens het 2 uiteindes in jou lewe:

He or she was a person of many words, but never a man of women of his word.

He or she was a person of many words, but ALWAYS a man of women of his word.

Hoeveel kan mense staatmaak op jou woorde, hoeveel gewig dra jou woorde. Moenie die waarheid probeer omseil deur een of ander kategorisering van jou woorde

Elke woord wat jy spreek het dieselfde waarde as die volgende woord en dra dieselfde gewig as die vorige of volgende woord.

En nou wil ek nog ‘n ding aanraak, maar ek doen dit met groot versigtigheid, want dit is my eie oortuiging. Dit hoef nie joune te wees nie. Dit is iets wat vir my in my lewe en my bediening werk.

Die teks het my weer laat nadink dat, Ek is oortuig dat ons mag beloftes aflê, maar ons moet vrywillig kies daarom op te hou. Ons mag, maar ons moet liewer nie. Ons as kinders van God moet stadig wees met beloftes. Beloftes het net waarde as God dit waar maak. Dit is altyd eerste God se beloftes aan ons, dan ons gebed aan mekaar. Ons moet meer leef vanuit Gebed as Beloftes.

Ek glo dit oor die doop (Ouers moenie hier kom staan en belowe dat hulle vir altyd Beloof u om hierdie kind, van wie u vader en moeder (of voog) is, in dié leer na dié beste van u vermoë te onderrig en te laat onderrig). Luister liewer na God se belofte van sy liefde met die doop en bid vir jou kind...

Ek glo dit oor die huwelik (Paartjies wat voor God en sy gemeente belowe om vir altyd en Alle omstandighede aan mekaar getrou te bly)- 50 % van mense in ons land breek daardie belofte. Bid liewer nederig voor God en vra hom om jou te help hoe jy jou huweliksmaat moet liefhê.

Ek glo dit oor die Belydenisaflegging/Voorstelling: Volgende Sondag tydens die voorstelling is dit nie die belofte van 13 Matrieks wat belowe om vir ewig en altyd aan die geloof vas te hou nie. Gaan, gaan te veel nog gebeur in die lewe. Liewer die gebed, van 13 Soekende gelowiges, wat vir die Here dankie sê vir 18 jaar se genade en wat biddend vir die Here vra om hulle te lei op die pad vorentoe.

A Movement from I promise to I Pray- ‘n Beweging vanaf ek belowe na ek bid.

Moenie beloftes maak nie, dit werk nie. Bid maar liewer net. Nederige huiwerende gebede.

Daarom, in die week van SONA en al die woorde, kan ek nie anders as om te dink aan hierdie spesiale video wat eenkeer in ons parlement plaasgevind het nie. Ek het hierdie video al by ‘n geleentheid hier gebruik:

Chief Justice: It is now time for Prayer...

En daarom hou ons hierdie week, nie week van belofte nie, maar liewer week van gebed. En jy is baie welkom. ‘n Week waar jy vir 3 aande na God kan kom luister, maar ook met hom kan gesels. Kom vra die Here se leiding in jou lewe, dat jou JA, inderdaad Ja, sal wees. En jou NEE NEE. Dat jou Woord jou Woord sal wees.

- Seënbede: In die lewe, soos in Krieket, het jy ‘n mede kolwer. Jy gaan speel nie alleen nie. God speel die week saam wanneer jy jou uitgaan na buite.